



Waar liefde en verdraagsaamheid heers,
daar vind 'n volk groot seën.



Die



Waar liefde en verdraagsaamheid heers,
daar vind 'n Party geen wins.

TWEEDE JAARGANG.

WOENSDAG, 14 APRIL 1943.

No. 21.

Bodemloosheid van Min. Lawrence Se „Bewyse“ aan Kaak Gestel Hofbevinding Waarop Hy Hom Beroep Net Die Teendeel van wat Hy Beweer

Op 1 April het mnr. H. G. Lawrence, Minister van Binnelandse Sake en verantwoordelike vir die interneringsbeleid, op 'n tussenworpel in die parlement of daar verband tussen die Stormjaers en die diefstal van openbare geld is, gesê dat daar in 'n geval soos die in Port Elizabeth DEFINITIEF BEWYS is dat dit die geval is.

„Die Ossewabrandwag se fondse het min geword en hulle het besluit om dit op dié manier aan te suiwer en hulle het die Stormjaers daarvoor gebruik.“ Aldus die Minister wat links en regs laat interneer.

In die betrokke geval van Port Elizabeth waarna die Minister verwys, is in die hof beweer dat die geld ten behoeve van die Ossewabrandwag of die Stormjaers gesteek is. Die regter wat die saak verhoor het, en dus seker beter in staat was om te oordeel as die politikus Harry Lawrence, het egter in sy uitspraak verklaar dat hy daardie bewering nie glo nie. Volgens 'n Sapberig van 3 Desember 1942 het regter Landsdown, voor wie die saak gedien het, hom as volg uitgeblaas:

„Daar is gesê dat die geld toevertrou sou word vir die dienste van 'n organisasie waartoe julle skynbaar behoort het. Ons weet niks van die organisasie nie, maar geen organisasie sal dit goedkeur dat 'n misdaad vir sy doeleindes begaan word nie.“

So lyk min. Lawrence se „definitiewe bewyse“! Die hof het net die teendeel bewys van wat hy beweer, en tog gebruik die Minister hierdie soort „bewyse“ as rede vir die internering van talle Afrikaners! Geen wonder dat hierdie Minister nie bereid is om persone wat hy interneer in die openbaar aan te kla en te verhoor nie—soos dit in ander Geallieerde lande wel gedoen word. Sy agterdog, of losse bewerings, wat nie die onderzoek van 'n hof kan deurstaan nie, is vir hom genoegsame „bewyse“ dat mense skuldig is!

Op Sondag, 28 Maart, het 'n gewapende roof in Johannesburg plaasgevind toe ongeveer tien gemaskerde manne in militêre uniform 'n bedrag van £12,000 van twee klerke en 'n natuur afgeneem het. Die geld was die eiendom van die Suid-Afrikaanse Spoerwee. 'n Paar dae nadat 'n ernstige roof soos hierdie plaasgevind het, kom die Minister met hierdie groeve aanklag van hom. Niemand kan oordeel wie die skuldiges in hierdie roofgeval is voordat 'n hof nie die saak ondersoek het nie. Ons noem egter 'n paar feite as teenwig vir die Minister se onverantwoordelike aantying.

Op 3 April is in die pers berig dat die polisie 'n kleurling aangehou het vir ondervraging in verband met die genoemde roof, en op 5 April is berig dat 'n soldaat in die magistraatshof verskyn het vir voorlopige verhoor op aanklag van roof in verband met die diefstal van £12,000 op 28 Maart. Die verhoor is tot 12 April uitgestel. Later is berig dat die saak teen die soldaat teruggetrek is.

JEUGOFFERS

Joyce en Freda van der Merwe, 5 en 4 jaar onderskeidelik, van Carnarvon, het gesamentlik £1 ingebring uit sokkies wat hul moeder vir hulle gegee het.

VERGADERINGS DEUR STUDIE-LEIERS

'n Reeks belangrike vergaderings word in die eervolgende paar dae in Kaapland deur 'n paar van ons bekendste volksmanne en geleerde in belang van die Ossewabrandwag gehou. Prof. L. J. du Plessis van Potchefstroom, hoofleier van die Ossewabrandwag se studie-afdeling en lid van die Grootraad, dr. P. J. Meyer van Johannesburg, lid van die Grootraad en gewese sekretaris van die F.A.K. en die Reddingsdaabond, en prof. dr. G. Cronjé van Pretoria, sal vergaderings op onderstaande plekke en datums toespreek:

BURGERSDORP, Vrydag, 16 April, 8 nm. (prof. Du Plessis).

STEYNBURG, Saterdag, 17 April, middag (prof. Du Plessis).

MIDDELBURG, 17 April, aand (prof. Du Plessis).

STELLENBOSCH (stadsaal), 20 April, aand (prof. Du Plessis en dr. Meyer).

KAAPSTAD (Hofmeyrsaal), 21 April, 8 nm. (prof. Du Plessis en dr. Meyer).

PAARL (stadsaal), 22 April, 8 nm. (prof. Du Plessis en prof. Cronjé).

STUDIELAERS VERGADER OP STELLENBOSCH

Beleid Uitgewerk met Groot Eenstemmigheid

Die studie-afdeling van die Ossewabrandwag onder leiding van prof. L. J. du Plessis vergader van 20 tot 22 April te Stellenbosch.

Dit is bykans 'n jaar dat hierdie afdeling aan die werk is om die toekomstige staatsbeleid uit te werk, en 'n reuse-taak is reeds deur hulle verrig. Verskillende aspekte van die volks- en staatslewe is aan afsonderlike studielaaers toevertrou wat die leiding en medewerking van ons land se bekendste geleerde en volksmanne geniet. 'n Paar gesamentlike vergaderings is reeds gehou waar opspraakwekkende eenstemmigheid deur alle groepe bereik is. Studielaaers uit die Suide wat selfstandig aan 'n besondere aspek van ons volkslewe gearbei en 'n beleid neergeleg het, het ondervind dat hul werk presies inpas by die van ander laers uit die Noorde. Groter bewys dat die beleid van die Ossewabrandwag uit die hart van die volk spruit en die goedkeuring van ons Calvinistiese voormanne geniet, is oorbodig — die meerderheid van die studie-leiern is naamlik ook alombekende Calvinistiese leiern. Prof. Du Plessis self is sekretaris van die Calvinistiese Bond.

Die Pensioen van Dr. van Rensburg

WIE DIT VIR HOM GEGEET HET

Party-agente het nou 'n volle twee jaar rondgeloop met die laster as sou genl. Smuts vir dr. Van Rensburg 'n pensioen gee. Honderde mense het hierdie laster net soos hulle ook ander soortgelyke laster geglo het en nog glo, ook oorvertel en Afrikaner teen Afrikaner hieroor opgesweep.

Geeneen van die verantwoordelike leiers van die H.N. Party het ooit hul agente bestraf nie. Hulle het dit toegelaat, waarskynlik goedkeurend. Wat is nou nie waar?

In 1938 — 'n jaar voor daar 'n O.B. was, is deur die Regering 'n wetsontwerp ingedien, nl. Die Pensioen-aanvullingswet 1938 waardeur voorsiening gemaak is om aan dr. J. F. J. van Rensburg, wat uit die staatsdiens oorgeplaas is na die betrekking van Administrateur van die O.V.S. 'n pensioen toegeken word.

Die rede vir hierdie wetgewing was nl. dat as hy as sekretaris van Justisie sou aanbly, en hy kon aangebly het as hy self so verkies het, hy op pensioen, soos enige ander amptenaar, geregtig sou wees. In sy geval vra die Regering hom destyds om na 'n nie-amptenaars-betrekking oorgeplaas te word en vra die parlement om vir hom voorstiening te maak soos wat hy kragtens die landswet geregtig op sou wees as

K.G. OOR AANTYGING

Die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, het die volgende verklaring uitgereik in verband met min. Lawrence se aantying:

„Mnr. Lawrence wat homself enige jare geslaag het oortuigende sukses as Slamaaiers vermom het, het in die Volksraad beweer dat die O.B. se fondse laag is en dat ons derhalwe „die S.J.'s inspan om geld te roef.“ „Die Transvaaler“ het hierdie roekeloze bewering met vet letters gedruk.

Hierdie kombinasie van smaak en samewerking tussen die Empire-handlanger en H.N.P.-redakteur is iets wat ons, na lange kennis van albei, van elkeen van hulle verwag.

Die bewering is sot en sonder enige regverdiging.“

hy aangebly het as staatsamptenaar.

Hierdie wetsontwerp is toe ingedien en die parlement het daaroor soos oor alle wetsontwerpe gestem. Kyk die Volksraadsnotule van 20 September 1938.

Vir hierdie pensioen het die volgende Volksraaddele gestem. Ons druk in vet letters die name van die huidige Nasionaliste wat daaroor gestem het, soos dit in genoemde notule verskyn, en vra nou: Is u nou oortuig van die growwe laster wat vir Party-doeleindes gedurende die afgelope twee jaar teen 'n Afrikaner lustig versprei is? Bestel vir u 'n Hansard (Volksraadsnotule van 20 Sept. 1938 — dit kos net 1/-) en lees self.

Vir die pensioen het gestem:

Alexander M., Allen F. B., Badenhorst C. C. E., Bain-Marais C., Becker S., Boltman F. A., Bosman P. J., Bowie J. A., Bowker T. B., Clark C. W., Conradie J. H., Conradie J. M.,

Conroy E. A., Deane W. A., De Bruyn D. A. S., De Kock A. S., De Wet H. C., De Wet J. C., Dolley G., Du Toit P. P., Erasmus F. C., Faure P. H. B., Fourie J. P., Geldenhuys C. H., Gilson L. D., Gluckman H., Grobler J. H., Havenga N. C., Haywood J. J., Henderson R. H., Heyns G. C. S., Hirsch J. C., Hofmeyr J. H., Johnson H. A., Jooste J. P., Joubert F. A., Kemp J. C. G., Kentridge M., Klopper L. B., Labuschagne J. S., Lawrence H. G., Liebenberg J. L. V., Long B. K., Louw E. H., Malan D. F., Moll A. M., Mushet J. W., Payne A. O. B., Raubenheimer I. v. W., Rooth E. A., Sauer P. O., Schoeman N. J., Smuts J. C., Steyn C. F., Steytler L. J., Strauss E. R., Strydom G. H. F., Stuttaford R., Sutter G. J., Swanepoel A. J., Trollip A. E., Van Coller C. M., Van der Merwe H., Van der Merwe N. J., Van der Merwe R. A. T., Van Zyl J. J. M., Venter J. H. P., Verster J. D. H., Viljoen D. T. du P., Viljoen J. H., Vosloo L. J., Wallach I., Warren S. E., Wilkens Jacob, Wilkens Jan, Wolfaardt G. v. Z.

Daarteen het gestem:
Aeunt F. H., Christopher R. M., Goldberg A., Hooper E. C., Madeley W. B., Marwick J. S., Neate C., Shearer V. L.

Lede wie se name nie genoem word nie, was afwesig toe die stemming plaasgevind het.

BASAAR!!
DIE BELLVILLE VROUW-KOMMANDO HOU 'N BASAAR
in die

KERKSAAL, BELLVILLE,

op
Saterdag, 17 April 1943.
van 6 n.m. tot 8 n.m.
Vanaf 8 uur n.m. sal

VOLKSPLELE
gespeel word.

Waarde vir geld

Kommando
-sigarette

Bomaanslae op Ons Regspleging

Die taak van die owerheid is om die belang van sy onderdane te behartig en te beskerm, d.w.s. toe te sien dat reg en geregtigheid geskied. Daarvóor word daar wette gemaak, daarvóor word daar 'n staatsdiens aangehou, daarvóor vind daar regspiegeling plaas en daarvóor word daar oorlog gevoer. Dit is die taak wat die owerheid opgeleid is deur die Skepper, en daarom moet hy deur elke onderdaan gehoorsaam word, want „hy is 'n dienaar jou ten goede“.

Die huidige regering voldoen in geen van hierdie vier opsigte aan die eis wat vir 'n owerheid gestel word nie. Die wetgewende liggaam word nog slegs byeengeroep om geld te stem vir 'n Europees oorlog waarby die Afrikaanse volk geen belang het nie en in sover daar nog „wette“ per noodregulasie gefabriek word, is dit bereken op onderdrukking van die eie onderdane; die staatsdiens is volgens uitlatings van verantwoordelike ministers, feitlik niets anders meer as 'n stuk partymasjinerie wat die belang van die heersende party moet behartig nie; die oorlogvoering wat veronderstel was om in belang van die onderdane en geregtigheid te geskied, is die vrug van uitlandse sentiment wat die Afrikaanse onderdaan opvorder om vir die behoud van sy veroweraar te gaan sterf; die regspiegeling van die land het onder hierdie bewind geword 'n bespotting van die elementêre gevoel van reg en onpartydigheid, en dit is by hierdie laaste aspek wat ons vandag wil stilstaan, omdat die onreg wat onder die skyn van reg gepleeg word, reeds ten hemel roep.

Drie Vooyalle.

Ons vestig die aandag op 'n paar gebeurtenisse die afgelope dae. In die verslag van die Kommissaris van Polisie word verwys na die internering van negentien „Stormjaers“ in verband met roof van dinamiet omdat „die getuies geweier het om te getuig“. Daar was, sover bekend, nooit 'n hofsaak teen hierdie negentien jong manne nie. Wanneer en hoe die „getuies“ geweier het om te getuig, weet die publiek dus nie. Vir sover ons weet kon dit sekere geheime informante van die Regering wees wat nie bereid is om hul inligting in 'n openbare hof te herhaal waar hulle onder kruisverhoor geneem kan word nie. In 'n land waar agterklappery deur die staat georganiseer word met die groots moontlike ledetal, soos in die Waarheidsleer, is dit vanselfsprekend dat daar dikwels „inflating“ verstrek sal word wat nie die toets van 'n ondervraging kan weerstaan nie. Hoeveel skinderbekke is nie al deur 'n hof of net die bedreiging van 'n hof tot skande gebring nie! En wanneer die Regering die hand van geheimhouding oor sulke fluisteraars hou, hoe welig moet die agterklappery nie tier nie! Minstens in die geval van die Arends het die Minister erken dat valse inflating aan hom verstrekk was, en selfs toe is geen optreden in die openbaar teen die lasteraar gedoen nie.

In hierdie geval dus, is negentien manne geinterneer omdat die Regering geen getuenis teen hulle kon kry wat selfs voor 'n openbare hof vir toetsing GELÉ kon word nie.

In die tweede pleas verwys ons na die terugtrekking van 'n aanklag van hoogverraad teen 52 jong manne nadat hulle ses maande lank sonder verhoor opgesluit was en altesame vyftien maande in gevangeskap gehou is voordat die Prokureur-generaal geleentheid gekry het om vas te stel dat daar geen saak teen hulle is nie. Hulle is daarop geinterneer.

En ten slotte verwys ons na die begin in hierdie blad waar min. Lawrence melding maak van 'n hofsaak wat dan „definitief“ sou bewys het dat die Stormjaerorganisasie openbare geld steal, terwyl die betrokke hof huis die teenoorgestelde bevind het!

Onskuldig.

Wat die Regering se interneringsbeleid betref, het ons herhaaldelik tevore

verklaar dat mense geinterneer word omdat geen bewyse teen hulle gevind kan word nie. Daarom het die Regering nog steeds geweier om sy eie burgers wat hy interneer voor 'n openbare hof te laat verskyn soos in Amerika ten opsigte van Vyandsonderdane gedoen word. Hierdie bewering is in die afgeloep tyd dubbel en dwars gestaaf, want elke keer as 'n aangeklaagde deur 'n hof onskuldig bevind of die aanklag deur die Prokureur-generaal teruggetrek word, is die betrokke vrygesprektes deur die Minister van Binnelandse Sake voor die hof se deur onderskep en geinterneer.

As verweer het die Minister onlangs in die parlement aangevoer dat sulke persone „tegnies“ onskuldig, maar „prakties“ wel skuldig is! Nou, 'n groter aanklaag teen sy eie regspiegeling het ons nog nie van 'n regering gehoor nie. Hierdie verklaring beteken een van twee: of ons geregshewe en regstelsel is so onbevoeg om die reg toe te pas dat dit tot niks anders as akademiese haarklowery ontaard het en daar gevoldig geen gewig meer aan enige hofuitspraak geheg kan word nie — en daarvóor verval ons hele regstelsel — of die Minister van Binnelandse Sake met sy politieke handlangers het 'n veel beter metode uitgevind om iemand se skuld te bewys as tot nogtōe in enige beskaafde land se regstelsel gebruik is! In Rusland is daar 'n besondere metode om iemand se skuld vas te stel, naamlik die metode van marteling deur die Bolsjewistiese geheime polisie. Of min. Lawrence en sy kollega, dr. Steyn, nog 'n beter metode as dit uitgevind het, weet ons nie, maar in elk geval moet dit 'n baie belangrike ontwikkeling of agteruitgang in die wêreld se regstelsel beteken.

Oorsaak van Geweld.

Maar hoe feilbaar hierdie stelsel (of die Minister?) moet wees, het mur. Lawrence veertien dae gelede aan die lig gebring. Hy het beduid dat die Stormjaers en die Ossewabrandwag openbare geld steel en as bewys daarvoor na 'n hofsaak in Port Elizabeth verwys, waar die regter in duidelike taal Juis die uitgesproke vooroordele van mnr. Lawrence weerle het! As al die Minister se bewyse van skuld so rotvas moet wees as hierdie „bewys“, dan behoort dit vir die volk tans duidelik te wees waarom daar 'n toenemende mate van geweldpleging onder alle dele van die bevolking aan die gang is. Wanneer die owerheid nie meer sy eie onderdane beskerm en sy eie regspraak eerbiedig nie, is dit dan 'n wonder dat sy kommunisties-opgeklitste kleurlingtroepe hoop om hierdie voorbeeld strafloos na te voig op 'n manier soos hulle dit wil toepas?

En wanneer aan die een kant twee jong Afrikanerstudente ses maande op verhoor in die tronk moet sit en wag en dan nog geinterneer word nadat hulle deur 'n spesiale hof onskuldig bevind is, maar aan die ander kant twee Britse soldate wat weens motordiefstal tot gevangenisstraf gevonnis is, deur die Minister telegrafies op vrye voet gestel word; wanneer jong Afrikanersuns vir 'n jaar en meer in die tronk moet sit omdat geen aanklag teen hulle gevind kan word nie, maar aan die ander kant 'n naturelle-kommunis deur die Minister persoonlik uit die hande van die gereg geruk word omdat daar dan twyfel bestaan of die aanklag teen hom sal slaag; en wanneer jong Afrikaners geinterneer word omdat daar geen getuenis gevind kan word om selfs 'n saak teen hulle te open nie, maar aan die ander kant kleurlingsoldate wat uit hoofde van oorvoerde getuenis tot tronkstraf veroordeel is weens aanranding op blanke konstabels, deur die Minister van hul wettige straf onthof word, is daar nog iemand wat verbaas is omdat daar 'n algemene minagting vir wet en gesag en 'n gevoel van opstand by 'n deel van die vertraptes ontstaan het?

Die Regering met sy kabinet van be-roeps-polisië het die voorbeeld gestel van ongeëwenaarde geweldpleging aan reg en geregtigheid. En geweld reg geweld. As diegene wat belas is met die uitvoering van die reg hulle op so 'n aanstootlike wyse aan die reg vergryp, hoe kan verwag word dat die onderdane daardie reg sal eerbiedig? Die uittarting van owerheidswêe is daar en aan ministeriële voorbeide (Vervolg in volgende kol.)

Brokkies uit die Buiteland

PROPAGANDA: GOED EN SLEK.

Daar is 'n Engelse versie wat min of meer as volg vertaal kan word:

My land, reg of verkeerd.

Hou reg wat reg is,

Maak reg wat verkeerd is.

In die tyd van oorlog veral is dit net die eerste reël wat deur die propagandis onthou word en nie wat daarop volg nie. „My land, reg of verkeerd“ is dan ook die snaar waarop tot vervelenstoet getokkel word. Dit is die Leitmotiv vir alle propaganda, onverskillig of dit deur die pers, oor die radio of op die doek geskied.

GOEIE PROPAGANDA

Maar selfs hierdie papagaaiagtige propaganda, gewoonlik die produk van algemene geestelike ontwrigting wat met 'n oorlog gepaard gaan, kan goed wees. As my land werklik in dodelike gevare verkeer, dan altyd „my land reg of verkeerd.“ Propaganda is 'n wapen en goed is die wapen as dit help om die oorlog te wen. Goed is dit wanneer dit daar-in slaag om die eie moral hoog te hou en dié van die vyand te ondergraaif. Goed is dit wanneer dit daar-in slaag om die eie volk en die wêreld daar buite van die regverdigheid van die eie saak te oortuig en dié van die vyand as verwerplik en sleg voor te stel. Dit is nou eenmaal die taak van die oorlogspropaganda om eie oorwinnings te vergroot en dié van die vyand te kleineer, om eie nederlae te verkleineer en dié van die vyand te vergroot. My-land-reg-of-verkeerd-propaganda kan dus 'n belangrike bydrae tot die eindoorwinning lewer.

Die taak van die propaganda is egter nie altyd so eenvoudig nie. Dit gebeur soms dat die taal wat oorlogsfeite spreek harder en duideliker is as die taal van die propaganda. Dit kom voor dat die eie oorwinnings te negatief is om vergroot te word en dat die eie nederlae te positief is om kleineer te word. In hierdie geval moet van subtieler

(Vervolg van vorige kol.)
van geweldpleging ontbrek dit nie.
Die uitslag van so 'n toestand van sake kan slegs één ding wees: anargie en groter geweld.

Vir hierdie geweldpleging in die land rus die verantwoordelikheid in die eerste pleas op diegene wat die wet kragtelos maak deur misbruik van hul politieke mag, en as 'n groot deel van die Afrikanervolk vandag nog berus en nie deelneem aan die algemene geweldpleging van bo en onder nie, moet dit nie verkeerdelik vertolk word as verdraagsaamheid nie. Dit is slegs nugterheid waarin die volk sy regeerders oortref! Die dag van afrekening sal aanbreek en wee hom deur wie die struikeling kom, en wee hom veral wat val in die hande van hulle aan wie die voorbeeld gestel is om reg en geregtigheid te vertrap!

metodes gebruik gemaak word. Daar word dan wel gepraat van sweet, tranen en bloed, van dodelike gevare en dies meer, maar terselfdertyd word daar ook gepraat van die silwer randjes aan die swart wolke, van die soet wat op die suur sal volg, van die eindoorwinning wat tog nie kan uitbly nie. Soms word die aandag van aakklike oorlogswerklikhede afgetrek en Utopiese toekomsbeelde voorgehou. Daar word dan veel gepraat oor ekonomiese, sosiale en politieke rekonstruksies wat op die eindoorwinning sal volg. Soms lyk dit selfs of 'n bloedige wêreldoorlog nou juis gelukkig 'n noodsaklike voorwaarde vir 'n dergelike paradyse is, of die oorlog iets is waarop die „hervormers“ al die jare sit en wag het. Die subtiele van hierdie propaganda bestaan daarin dat 'n naoorlogse Utopië 'n eindoorwinning suggerer. Dit alles egter is goeie propaganda as die moraal op hierdie manier verhoog en die geloof in 'n eindoorwinning versterk kan word.

MINDER GOEIE PROPAGANDA

Minder goed is die propaganda waar dit in wensdenkerige besonderhede gaan. In die loop van die huidige oorlog het ons heelwat kennis met dergelike propaganda gemaak. Voortdurend is die een of ander land of stad genoem wat binne hierdie of daardie tydsbestek van die vyand gesuiwer sal word of waar die vyand sy kop sal stamp. In gewone omstandighede sou 'n mens boemerang-agtige reaksies verwag het waar dergelike voorspellings nie bewaarheid is nie. Gewoonlik egter word die propagandis deur die kort geheue en wensdenkery van die algemene publiek gered. Ongelukkige voorspellings kan egter 'n nadelige ophopende uitwerking hê op die algemene moraal van die volk. Die vertroue van die publiek in sy oorlogsberigging kan geskok word. 'n Voorbeeld van dergelike propaganda is 'n rolprent waarop die slagskip „Prince of Wales“ as simbool van Britse seemag voorgestel is en wat vertoon is na die ongelukkige skip reeds ondergegaan het. Goeie propaganda behoort versigtig te wees en oorwinningsvoorspellings nooit in besonderhede uit te werk nie.

SLEGTE PROPAGANDA

Daar is een soort propaganda wat sonder meer sleg is. Dit is wanneer daar in die hitte van die stryd breedvoerig uitgewei word oor hoe die vyand na die eindoorwinning gesraf sal word. In die jongste Amerikaanse toekomsdrome speel hierdie soort propaganda nogal 'n groot rol. Die vyand word haarfyn vertel hoe sy leiers gelikwideer, sy volk ontwapen en gesraf sal word, hoe sy land opgedeeld en beset sal word, hoe sy nywerhede beheer en sy jeug „opge-

(Vervolg op bls. 3, kol. 1)

Sluit nader aan

BOERENDE BOERE EN STEDELIKE VERBRUIKERS SLUIT NADER BY MEKAAR AAN —

stuur u produkte en vee aan u eie bemerkingsorganisasie. Ons lever reeds maandelank uitstaande dienste in hierdie nuwe ges... As u ons dienste eenmalig getoets het, sal ons u steun blywend verwerf.

VOLSKOPER MARK BPK.

Möremark
Fon 34-1442

Newtown
JOHANNESBURG Wolhuterstr. 62

Transvaalse Vroue Trek Weer Laer

Met die oog op die groot welslae waarmee die vorige onderneming verlede jaar bekroon was, het die Transvaalse leiding besluit om van 7 tot 14 Mei vanjaar weer 'n groot laertrekking van vroue te hou op dieselfde terrein as verlede jaar, d.w.s. naby Roodepoort. In 'n omsendbrief doen die A.K.G., genl. J. D. Jerling, 'n beroep op soveel vroue as moontlik om die kamp by te woon.

Voorligting in verband met sake wat vroue-belange raak, sal deur bekwame persone verskaf word. O.a. sal daar lesings gehou word oor die volgende onderwerpe: Senuweesiektes (dr. V. Bührman), huisverpleging van aansteeklike siektes (hoofkomde, P. Wassenaar), 'n gesonde voorgeboorte-lewe (dr. G. B. Büchner), postuur en die

verhouding tot gesondheid (dr. J. Anderson), dissipline (hoofkmdte. A. Röscher). Verder sal dr. C. F. Krige en dr. Gerrie van der Merwe lesings hou, terwyl dr. P. Wassenaar 'n rolprentvertoning sal gee.

Genle. K. Malan hou die openingsrede, dienste word waargeneem deur hoofgenl. ds. S. J. Stander en genl. eerw. M. S. F. Grobler, terwyl die laer ook toegespreek sal word deur die Kommandant-generaal, A.K.G. Jerling en hoofgenl. Louis Bootha.

Die laerfooi is 7/6 plus nog 7/6 vir tentakkommisie. Besoekers uit ander Provinsies is ook welkom. Alle aansoeke om die laertrekking by te woon, moet die Transvaalse hoofkwartier bereik voor 27 April.

VERJAARDAGKETTING.

Die volgende makkertjies verjaar hierdie week:

15 April: Adelene Muriel Rosalind Lourens (Hermanus); Sarie Botha (George); Gideon D. Roos (Stellenbosch); Stefanus Jacobus van der Merwe (Beaufort-Wes); Marie Bester (Malnesbury); Albert Thomas Kitching (Port Elizabeth).

16 April: Carol Moolman (Cradock); Valeria Katerina van Rensburg (Port Elizabeth).

18 April: Marthinus Jacobus Wessel Prinsloo (Paul Roux).

19 April: Christie Botha (George); Johanna Schmidt (Pearston).

20 April: Bernard de Villiers (Vredeshoek); Cornelia Gertruida du Plessis (Merweville).

21 April: Cora Theron (George); Hester Johanna Marais (Port Elizabeth).

OPBRENGSTE VERGELYK

In 'n brief waarin hy waardering uitstrek vir die ywer van die Brandwagte van Groblershoop op 26 Februarie, vergelyk hoofkondt. J. H. Gouws die opbrengste van tans met dié van funksies voor die skeuring. Hierdie keer het die funksie £44 opgebring, terwyl voor die skeuring die jaarlike funksie £50 opgebring het. Die geraamte van vandag steek dus nie te sleg af by die liggaam van toe nie.


Die spesiale Noodhulpfondskollekte tydens die besoek van die K.G. en A.K.G. op Groblershoop en Grootdrink het £32-9-0 ingebring.

BROKKIES UIT DIE BUITELAND

(Vervolg van bls. 2)

"voed" sal word, ens. ens. Afgesien daarvan of dergelike sothede slegs vir binnelandse konsumpsie bedoel is en of die algemene oorlogsposisie dergelike grootpraterigheid regverdig, is en bly dit slegte propaganda om 'n vyand met 'n wraakvrede te dreig. Begryp die mense in Washington en Londen dan nie dat hulle aan die vyandelike propaganda die beste dienste bewys nie? Besef hulle dan nie dat 'n vyand tot die laaste sal veg as daar vir hom 'n wraakvrede wag nie? Het die beroemde Engelse joernalis Liddle Hart nie gelyk nie as hy skryf: „Elke dreigement wat geui ter word oor wat ons aan die Duitsers sal doen as ons wen, is hulp vir Hitler?" Het die Geallieerde propaganda nie uit die oorlog van 1914—18 geleer nie dat dit nie die „hang-die-keiser"-kreet was nie maar die soetsappige veertien punte van 'n Wilson wat die vyand help vermurwe het?

„My land, reg of verkeerd" kan 'n stewige fondament vir goeie propaganda wees as die ander twee reëls ook in aanmerking geneem word. 'n Wraak-vrede wat in die vooruitsig gestel word, is egter 'n bate vir die vyand en die slegste propaganda waarmee 'n oorlog gewen kan word. Minder sothede en meer van 'n Liddle Hart se nugterheid is wat die Geallieerde propaganda broodnodig het. Of is hierdie wraak-vrede-propaganda 'n bewys van Geallieerde swakheid?



PLASE TE KOOP EN TE KOOP GEVRA

„A" wil sy plaas verkoop om elders 'n ander plaas te koop. Deur STEUNMEKAAR te vra om sy plaas te verkoop, ontvang hy vanself ons lyse met uitvoerige beskrywing van 'n groot verskeidenheid van plase wat ons het om te verkoop in al vier Provinsies, Rhodesië en Suidwes. 'n Seker plaas, nommer soveel op ons lyse, trek sy aandag as net die plaas wat hy soek. Baie moontlik tref dit dalk so dat „B," die eienaar van nommer soveel, nou juis net weer die soort plaas soek wat „A" te koop uitveil. Gevolg: deur STEUNMEKAAR as gerieflike skakel ruil hulle eenvoudig plase om, neem mekaar se verbande oor, die eienaar van die goedkoper plaas keer die verskil uit en twee kope is beklink met uitskakeling van 'n hele boel beslommernis. Probeer ons gerus, ons het baie sulke kope deurgegesit. Boere, laat ons u plase vir u raak adverteer en vinnig verkoop. Plaaskopers, bestel ons lyse. Groot eerste-verbandlenings gereel op plase wat deur ons bemiddeling gekoop word. Ons het ook 'n groot aantal kliente wat stadseiendomme in Pretoria wil verruil vir plase. STEUNMEKAAR, Malherbestraat 268, Pretoria.

116 Takke
44,000
Lede
AVBOB
Reserve-fonds £113,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 85, BLOEMFONTEIN
Begrafnisse, Kiste, Kraan, Grafstene

VOLKSKAS

GEE: 3½% Rente op Vaste Deposito's vir twee jaar.

3% Rente op Vaste Deposito's vir 12 maande.

2½% Rente op Beleggings-sertifikate — opvorderbaar met 3 maande kennisgewing.

2% Rente op Spaarrekeninge.

Volkskas (Koop.) Bpk.
(Opperrug kragtens die Koöperatiewe Wet)

Hoofkantoor:
Volkskas-gebou, Sentraalstraat,
PRETORIA.



Die Volk se Baak.

WOORDE EN DADE

„Ons veg nie teen die O.B. of die Nuwe Orde of die Afrikanerparty nie, maar ons veg teen Jan Smuts, want hy is aan bewind." Hierdie woorde is op 19 Maart in die Nasionale Saal op Tiervlei deur mngr. F. H. Boltman op 'n H.N.P.-vergadering gesê. Maar die saal waarin hy gepraat het is onlangs deur sy Party-gangers aldaar vir die Ossewabrandwag se volkspele gestuit. Herhaalde vertoë om die jong mense hierdie onskuldige vermaak te gun al behoort hulle aan die O.B., het tot nogtoe nie geslaag nie — ook selfs nie na die vergadering toe die O.B.-kommandant, mngr. J. A. Strauss, opnuut op grond van die verskering van mngr. Boltman daarvoor aansoek gaan doen het nie.

52 BEDANK AS GEVOLG VAN WEIERING

'n Lys met 52 name vergesel van hul H.N.P.-lidmaatskapkaartjies is deur mngr. J. J. Bruwer van Wilgenhoutstraf (oor Upington) aan die O.B. gestuur van mense wat die party vaarwel sê. As rede vir die stap word aangegee die feit dat die H.N.P.-leiers geen volkseenheid verlang nie deurdat hulle weier om die voorstel van die Kommandant-generaal tot samewerking in 'n moontlike verkiesing te aanvaar.

Ten spyte

van omstandighede, kry u nog steeds 'n besondere deftige verskeidenheid

Damesuitrusting

by



PAROW

DIE MODERNE DAMES-MODISTE

L.W. — Ons is elke Woensdag toe.

MARKAGENTSKAP

Vroeë More-Mark

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOSIËTÉ VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Minnaar: GUSTAV KETTER.

Telefoon 9-8818.

Voeg

DIE DAAD

by

DIE WOORD

Rook



MEUBELS

PRYSE STYL VINTIG.

KOOP NU!

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

Werda Meubelhandelaars

(Eiendoms.) Beperk,

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

Poort 210. Foon 2-8830.

Ondersteun Ons Adverteerders!

BRANDWAGTE AANDAG!!

LEES HIER!

HOOFKWARTIER, KAAPSTAD, het nog baie BROJSURES:

(1) „DIE OSSEWABRANDWAG VANWAAR EN WAARHEEN," en (2) „GESONDE HUISGESINNE BOU 'N LEWENSKRAGTIGE VOLK," tot beskikking van die O.B. in KAAPLAND.

U kan DIT GRATIS KRY om onder u vriende te versprei. Stuur net posseëls vir die posgeld, nl. 8d. vir 6, en 1/3 vir 12 eksemplare te dek.

LEES EN OORTUIG U VOLKSGENOTE.

VAN ZYL, BOSMAN EN VAN ZYL

(EDMS.) BPK.

Kerksaal-Gebou : Voortrekkerweg



MAITLAND



Boere!!

Eindelik die oplossing om stabiele pryse te kry:

◎ Stuur u vee aan ons---die firma wat alleen per graad en gewig daeliks bemark.

Skryf vir besonderhede en permitte.

Posbus 22.

Foon 5-2370.

Telegramme: GEWIG.

MAITLAND.

BRIEF AAN SOLDATE

Volgens 'n berig in die Rand Daily Mail van 29 Maart sirkuleer daar op die oomblik 'n brief onder die soldate van die Eerste Divisie waarin hulle afgeraai word om die blou eed af te le. Die brief is onderteken deur iemand wat homself „Springbok“ noem. Daarin skel hy op die Imperiale troepe en Britse Lugmag personeel wat volgens sy mening 'n aangename verblyf in die Unie het onderwyl Suid-Afrikaners in die noorde veg. Volgens die koerant eis „Springbok“ dat die Suid-Afrikaanse troepe in die land gehou moet word, en raai hy soldate aan om nie die nuwe eed te neem nie. Die blad beweer dat hierdie brief in die smaak van Duitsland sal val.

O.B.-NOODHULPFONDS

Onderstaande staat van inkomste en uitgawe tot 28 Februarie 1943 word deur die sekretaris van die Sentrale O.B.-Noodhulpfonds verstrek:

	f	s.	d.
Reeds erken	£19,431	0	0
Januarie 1943	2,314	1	1
Februarie 1943	2,084	1	11
Uitgawe	£23,829	3	0
	22,915	4	2
	£913	18	10

O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydrae tot ons fonds vir hulpverlening aan die afhanklike geïnterneerde Afrikaners is aan Die O.B. bekend gemaak:

KAAPLAND TOT 5 APRIL.			
Reeds erken	6,789	6	11
Vryheiditag kol. Velddrift			
Aurora Kom.	11	3	0
Mnr. F. J. Strauss, Straussburg	2	1	0
Maandelikse Offergeld Vroue-			
Kom. Paarl	3	0	0
Lyste 597 en 600 Parow Kom.	3	13	6
Kom.	3	13	6
Komdt. en Komdte. Geldenhuys			
Parow	2	0	0
Moerreesburg Manne-Kom.	65	11	9
Vriendekring Karreedouw	18	6	
Vryheiditag Kol. Touwsrivier	4	9	0
Manne- en Vroue-Kom. Marchand	5	0	0
Vryheiditag Kol. Outeniqualand			
Komds.	3	7	4
Queenstown Manne-Kom.	8	10	0
Vryheiditag Kol. Keimoes Kom.	20	0	0
Vryheiditag Kol. Uniondale Kom.	3	5	2
Offergeld Februarie M- en V-			
Komds. Stellenbosch	12	14	9
Mnr. D. J. van Zyl, Liebendaal			
Parow	5	0	
Mnr. D. J. Bezuidenhout,			
Paauwpan	10	0	0
Kol. Lyste Worcester	16	10	0
Graaff-Reinet M- en V-Kom.	65	0	0
Kaapstadse Remsken Toneel-			
vereniging	14	2	9
Vryheiditag Kol. Tulbagh Kom.	10	4	0
Vryheiditag Kol. Carnarvan Kom.	6	10	0
Vriend Mowbray	1	0	0
Mev. Gme. du Toit Kaapstad	15	0	0
Merweville Vroue-Kommando	4	1	1
Kol. Veldkornetskap Mosselbaai	15	2	6
Opbrengs Kersnikspak Sentrum			
Stellenbosch Maartmaand	12	14	4
Weeklikse Bydrae Veldskoenkring			
Oudtshoorn	1	17	6
Kollekte Lys Graaff Water	2	0	0
Vryheiditag Kol. Asst.			
Veldskap. Venterstad	11	3	0
Vryheiditag Kol. Wolseley Kom.	34	0	0
Vryheiditag Kol. Ladismith K.P.			
Kom.	13	0	0
Vryheiditag Kol. Colesberg Kom.	2	5	3
Vryheiditag Kol. Veldtskap.			
Van Wyksdorp	4	5	0
Vriend Dagbreek Stellenbosch	15	0	0
Offergeld Karoobossies Kaapstad	2	5	0
Steunmekkaar, Kaapstad	3	18	4
Vryheiditag Kol. Ceres-Gydo			
Kommando's	27	11	5
Penkop Kol. Vryheiditag			
Fraserbburg	2	7	0
Mnr. S. W. P. Burger, Fraserbburg	1	0	0
	17,221	18	1
BYDRAES TOT AANBOD H/GENL.			
SCHOEMAN.			
	f	s.	d.
Reeds erken	1,341	19	2
Spesiale Bydrae Wes-Gamka Kom.	21	0	0
Spesiale Bydrae Carnarvan Kom.	20	0	0
Spesiale Bydrae Middelburg			
en Knysna Kom.	20	0	0
	1,402	19	2
TRANSVAAL TOT 27 MAART.			
	f	s.	d.
Reeds erken	16,474	17	8
Kwit. Nos.:			
2323 V.A.R.	1	5	0
2324 1A4	12	10	0
2324 1A3	12	10	0
2325 15	14	0	0
2326 1C3	3	11	3
2327 1C6	4	18	0
2328 1IC1	8	0	6
2329 1IC3	8	5	3
2330 1IC6	8	5	3
2331 7A1	7	11	0
(Vervolg op voet van volgende kol.)			
2332 7A4	7	11	0
2333 3	1	4	6
2334 SB5	25	0	9
2335 2A4	2	5	0
2336 2A4 Spesiale Kollekte			
Schoemansfonds	2	12	6
2337 Bydrae	3	13	0
2338 1B4	1	0	0
2339 1B4	2	19	0
2340 9C3	2	14	0
2342 7B3	9	11	2
2343 2A3	10	0	0
	116,624	4	10

TRANSAAL TOT 27 MAART.			
Reeds erken	16,474	17	8
Kwit. Nos.:			
2323 V.A.R.	1	5	0
2324 1A4	12	10	0
2324 1A3	12	10	0
2325 15	14	0	0
2326 1C3	3	11	3
2327 1C6	4	18	0
2328 1IC1	8	0	6
2329 1IC3	8	5	3
2330 1IC6	8	5	3
2331 7A1	7	11	0
(Vervolg op voet van volgende kol.)			
2332 7A4	7	11	0
2333 3	1	4	6
2334 SB5	25	0	9
2335 2A4	2	5	0
2336 2A4 Spesiale Kollekte			
Schoemansfonds	2	12	6
2337 Bydrae	3	13	0
2338 1B4	1	0	0
2339 1B4	2	19	0
2340 9C3	2	14	0
2342 7B3	9	11	2
2343 2A3	10	0	0
	116,624	4	10

Geïnterneer na Meer as 'n Jaar se Opsluiting

Die S.J.-offisiere teen wie die saak van hoogverraad enige dae gelede teruggetrek is nadat hulle vir langer as 'n jaar in die tronk aangehou was, is nou geïnterneer op Koffiesfontein.

Geklassifiseerde Advertensies**DOODBERIG**

HATTINGH. — Sag ontslape aan sy woning te Oudtshoorn op 18 Feb. 1943, oom Jan Hattingh, in die ouderdom van 63 jaar. Oom Jan kom vroeg van Edenburg distrik en laat 'n weduwe na om sy heengaan te betreur.

IN MEMORIAM

DE VILLIERS: Hiermee lê ons 'n kranse van innige verlangte op die graf van ons Pappie en Oupa wat van ons weggegaan is op 19 April 1942. — Pierre, Rettie en seuntjies, Wellington.

AANDAG !!!

Vir die beste resultate stuur u pluimvee en droë bone na die gevestigde firma, Eikenhof Markagentskap, Moremark, Newtown. Ons voorseen ook vrugte en groente teen laagste prys. K.B.A. Wallunterstraat 58, Newtown, Johannesburg.

BENODIG

ONDERWYSEREN vir 3 kinders, I, II, III, Goewernementstelsel. Salaris £7 per kwartaal. Vry inwonig. Begin 27 April. Rig applikasies aan: A. Prinsloo, Dresden, Paul Roux.

GEVRA

VRIENDELIKE Afrikaner-dame van omstreng 25 jaar, om behulpzaam te wees met algemene huiswerk in 'n klein huissesin. 'n Gekleurde is in diens. Salaris £3 per maand. Resente getuigskepte van ondervinding is wenslik. Meld wanneer dienste aanvaar kan word. Appliseer by mev. M. Smuts, Middagkrans, Franschhoek, Kaapland.

TE KOOP

EKKER Boer-pampoenie gelewer op Toverwater Sylyn, teen 7/6 per streepsak vol. Ook Kromnek Saloen teen 10/-. Regstreeks van die Boer, Nico Barnardt, Toverwater, pos. Uniondaleweg.

YAROO KRAALMIS. — Vry gelewer in Natal stasies; 32/- per ton van 12 sakke. Monsters kan op aanvraag gestuur word. K.M.B. Skryf aan: C. J. Lourens, Kerkplein, Prieska.

PATRONE vir Kinderspeelgoed, 6d. stuk, 6 vir 2/6. Lap en Beerpop 1/- stuk. Klaar Lap en Beerpop 10/-. Ander speelgoed 3/- elk. Sluit 3d. posgeld in. — Mev. C. M. v. d. Walt, St. Johnstraat 168, Bloemfontein.

KAROO BOK-KRAALMIS

BESTE gehalte Kraalmis, sny gemaal en geskik vir die gebruik in Kunsmistoestel, 32/6 per ton van 12 sakke, 28/6 per ton van 12 nuwe sakke, K.M.B., vry gelewer Uniestasies. Plaas bestellings vroegtydig. My Bank: Volkskas, Port Elizabeth. J. A. Schoeman, P.S., Grootfontein, Somerset-Oos.

RAMME

Opreggeteeide Wanganelia Ramme teen baie redelike prys. Kudde Ramme £3-10-0 tot £10. Stoet Ramme £12-10-0 en hoer. Groot karkasse met uitstaande kwaliteit en lengte die kenmerke. Skryf aan: J. H. MOOLMAN, Merino, P.S. Cradock. Foon 712.

DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, Herefordstraat, MIDDELBURG, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontine en G.M. Vragmotors

TOT U DIENS!**V.M.K. AANBEVEEL.**

(Vervolg van vorige kol.)

2332 7A4	7	11	0
2333 3	1	4	6
2334 SB5	25	0	9
2335 2A4	2	5	0
2336 2A4 Spesiale Kollekte			
Schoemansfonds	2	12	6
2337 Bydrae	3	13	0
2338 1B4	1	0	0
2339 1B4	2	19	0
2340 9C3	2	14	0
2342 7B3	9	11	2
2343 2A3	10	0	0

Schoemanello**Drank****VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

PER BOTTEL.—As n

van 1 tot 5 bottels
van 1 tot 12 bottels

PER BOTTEL.—Om

van 6 tot 12 van een
kissie van 12 bottels

PER GELING.—In

8-gel. vatjie of meer

WYNE:

Fonkelwyn 5/- 5/- —

Lewenswyn 3/6 3/6 —

Vermouth 2/6 2/6 —

Hanekraai-Cocktail 3/6 3/- —

Likeurwyn 2/- 1/8 8/6

Ou Port 2/- 1/8 8/6

Jeripigo Rooi 1/3 1/2 6/-

Jeripigo, Wit 1/3 1/2 6/-

Soet Muskadel 1/2 1/1 5/6

Port 1/2 1/1 5/6

Worcester Hock 1/1 1/— 5/-